VOX CHAMBER CHOIR
Artistic Director / Conductor / Composer: Franco Prinsloo
Administrative Director / Manager: Andries Brümmer
Contact: info@voxchamberchoir.com
Franco Prinsloo: +27 82 710 6426
Andries Brümmer: +27 81 375 7556

PERSVERKLARING

Vox Kamerkoor bied aan Lux et Umbra | Umbra et Lux

Die bekroonde *Vox Chamber Choir*, onder leiding van die komponis-dirigent Franco Prinsloo, gaan koorliefhebbers bekoor met hul transendente konsert, *Lux et Umbra | Umbra et Lux* (Lig en Skadu | Skadu en Lig), op *Sondag, 9 Junie 2024 om 15:00 by die Nazareth House-kapel, Pretoria*.

> "Die konsert ondersoek die tydlose temas van lig en skadu, en bied 'n diepgaande musikale reis wat beide geestelike en sekulêre koorwerke insluit. Die program behels 'n evokatiewe verskeidenheid a cappella-komposisies uit Prinsloo se ryk repertorium, insluitend hoogtepunte uit Prinsloo se bekroonde Missa Pro Defunctis", vertel Elmirie Claassen, Vox-woordvoerder.

Onder die werke is die aangrypende *Kyrie Eleison*, bekend vir sy ingewikkelde harmonieë en sielsroerende chants. Daarbenewens sal gehore ook bekoor word deur die hemelse melodie van *Nunc Dimittis*, die lofsang wat Simeon gesing het toe hy die Messias kon aanskou.

Prinsloo se meesterlike komposisies sluit ook aangrypende toonsettings van literêre werke in soos Ingrid Jonkers se *Windliedjie*, wat temas van verlange en verligting pragtig jukstaponeer. Verder bied *Juig tot eer van die Here* 'n jubelende ode aan Goddelike genade, met musikale heenwysings na *Psalm 48* deur die bekende Suid-Afrikaanse komponis Jan S. de Villiers.

VOX CHAMBER CHOIR
Artistic Director / Conductor / Composer: Franco Prinsloo
Administrative Director / Manager: Andries Brümmer
Contact: info@voxchamberchoir.com
Franco Prinsloo: +27 82 710 6426
Andries Brümmer: +27 81 375 7556

> "Die konsert beloof om 'n multisensoriese ervaring te wees, want Prinsloo se innoverende *WhatsApp Cantate* moedig gehoordeelname aan deur 'n Middeleeuse chant met moderne tegnologie te vermeng om 'n betowerende klanklandskap van gemeenskaplike harmonie te skep", voeg Claassen by.

Die hoogtepunt van die program is die wêreldpremière van Prinsloo se jongste komposisie, *Lumen Christi*, 'n roerende oproep om Goddelike verligting, wat die koor se diepgaande verkenning van geestelike verligtheid saamvat.

Vox Chamber Choir sit hul tradisie van uitnemendheid voort te sit met hulle onlangse ontvangs van die gesogte *Aitsa*-toekenning vir beste klassieke snit en die *SAMA*-toekenning vir beste klassieke album.

Met *Lux et Umbra | Umbra et Lux* bou die koor voort op die sukses van hul vorige konsert, *Requiem*, en nooi *Vox* gehore uit om saam met hulle die transformerende reis aan te pak deur die wisselwerking van verlies en vreugde, en skadu en lig om uiteindelik hoop te ervaar inmiddels die kompleksiteit van die menslike emosies.

VOX CHAMBER CHOIR
Artistic Director / Conductor / Composer: Franco Prinsloo
Administrative Director / Manager: Andries Brümmer
Contact: info@voxchamberchoir.com
Franco Prinsloo: +27 82 710 6426
Andries Brümmer: +27 81 375 7556

"Die kuns wat in die plakkaatontwerp gebruik is, is deur bekroonde kunstenaars Sonya Rademeyer en Jemima Kola geskep. 'n Evokatiewe, intuïtiewe ligtekening is vasgelê as deel van 'n samewerkende kunsprojek getiteld Strings, wat temas van verlies ondersoek deur 'n interdissiplinêre kollaborasie met poësie deur Diä!kwain en Diana Ferrus, uitvoeringskuns deur Rademeyer, en musiek deur Garth Erasmus en Prinsloo. Die ligtekenvertoning deur Sonya Rademeyer is vasgevang deur fotograaf Jemima Kola", sluit Claassen af.

Besonderhede:

Datum: Sondag, 9 Junie 2024

Tyd: 15:00

Plek: Nazareth House-kapel, Florence Ribeiro-laan 290, Waterkloof, Pretoria, 0027

Kaartjieprys: R150 by Tixsa, R180 by die deur

Kaartjies: Tixsa - https://tickets.tixsa.co.za/event/lux-et-umbra

-einde-

Vir meer besonderhede, of om 'n onderhoud te reël, skakel Tiaan Ras by 083 590 3045.

Ingesluit:

- Plakkaat
- Koorfoto